

18 April

Skrifgedeelte: Filemon 4:10-23
Fokusgedeelte: Filemon 4:10-13

Wees tevrede met jou omstandighede

'n Mens se lewe verloop baie keer anders as waarop jy gehoop en waarvoor jy gebid het. Op jou pad as gelowige kom daar dikwels teleurstellings. Dit laat baie vrae by 'n mens ontstaan en maak jou gefrustreerd en moedeloos. 'n Ander moontlike reaksie is dat jy ongeduldig word en daaroor kerm en dit nie kan aanvaar nie.

Paulus het die soet en die suur van die lewe gesmaak [11-13]. Hy sou ook sekerlik sy lewe anders wou gehad het. Hy het nie vir al hierdie ontberings gevra nie. Hy het soms seker ook gewonder waarom die Here al hierdie dinge met hom laat gebeur.

Die rede waarom Paulus altyd hoopvol en blymoedig kon wees, was omdat hy geleer het om homself in alle omstandighede "te behelp" [11]. Dit beteken dat hy geleer het om in alle omstandighede tevrede te wees.

Hierdie tevredenheid kom nie vanself nie. Jy verkry dit wanneer jy die Here leer ken as die Heilige en Almagtige God wat in volle beheer van jou lewe en omstandighede is. Jy is sy kosbare eiendom. Hy het jou gemaak en jou ook gekoop en betaal met die lewe van sy eie Seun. Hy maak nooit foute met jou nie.

Die Here lei jou soms langs 'n ompad wat moeilik is, maar dit is juis sy genadepad met jou. So bring Hy jou uiteindelik in sy ewige heerlijkheid. Dit was ook die pad waarlangs Hy sy eie Seun gelei het – deur lyding en dood en graf na die heerlijkheid toe. Eendag wanneer jy terugkyk sal jy besef dit was goed dat die Here jou juis op hierdie pad gelei het.

Sing: Psalm 119:23,25

Ds C Krüger (Nelspruit)